# SUNRIDGE VANDAG — SUNRIDGE TODAY

3 July 2020

Dear Parents

**URGENT NEWSLETTER**

These are not easy times nor the time to panic or to make hasty decisions. We applied for a deviation to the schedule to return all our grades. It was approved and it has not been withdrawn.

**We have done our preparation, orientation and we complied with what was required. We have our Compliance Officer's** approval and we are ready to welcome our learners back as scheduled and forwarded to you.

As Principal, I understand and respect the need for families to send children back to school; I also understand and respect the decision of families deciding not to send their children back to school. I understand too and respect that parents want the best for their children, want more support or a different type of education via social media and whatever forum is available. I understand and respect the views of staff and all stakeholders. There is nothing sinister, unknown or degrading with any of the above.

The bottom line is that we must manage and make sense of what we have. Nothing is cast in stone and I am being required to change, alter and re-do weeks of planning and preparation within 24 hours. I do not have the luxury to be negative, to pass the buck or to run away. This was never in my job description but it is now my job.

I am not willing to focus on problems; I rather look for solutions. Last night I consulted with the Director of Legal Services, the CMC Head, our Compliance Office, our Attorney, our SGB and my senior staff. Irrespective of our own feelings and opinions the best solution is to continue as planned.

Should the Department of Education withdraw our permission to deviate or issue an instruction that children must not return then we will comply. Should you as parent feel uncomfortable to send your child to school, then please keep him/her at home. Please apply for exemption for school attendance and allow us to continue to support you with distance education. This will allow you to send your child back to school when you feel ready to do so. Should you send you child back but later feel differently, then apply for the exemption for school attendance and allow us to continue to support you with distance education.

**Our staff is delivering a service, they are working beyond what can normally be expected from them, maybe not to all's liking and approval, but I can assure you that it is in the best interest of your child. It is to support your child's future** and it is for the long term benefit. Even if this academic year turns out differently, the work done will make a difference and be essential in the end. I will rather take 25% success than 0% and by trying we can achieve 50%. With our parents currently working with us we can reach 100%. Again this can change beyond our control.

**As in yesterday's newsletter, closure is inevitable as we cannot control COVID**-19 (please read the newsletter). We can never be 100% safe and we can never give the assurance that a child, parent or staff member cannot become infected. We can only assure you that we have done what is required and that we have even been beyond with what we have put in place.

It is now in your hands to make a decision. It is up to the children with our guidance to stay safe and for teachers to teach. Until otherwise instructed Sunridge will reopen, as communicated, from Monday, 6 July 2020 and YES this may change as it is out of our control.

Enjoy your weekend and please stay safe.

Sunshine greetings

M DE VRIES
Principal

TAVCOR SUZUKI




Follow us on FACEBOOK!

SUNRIDGE VANDAG

CONJUNCTI CRESCIMUS

SUNRIDGE TODAY

3 Julie 2020

Geagte Ouers

**Dringende Nuusbrief**

Ons lewe in moeilike tye, maar nou is nie die tyd om angstig te raak of oorhaastige besluite te neem nie. Ons het aansoek gedoen om van die infasering af te wyk en al ons grade terselfdertyd terug te bring. Dit was goedgekeur en hierdie goedkeuring is steeds geldig.

Ons het ons voorbereiding en oriëntering afgehandel en ons het aan die vereistes voldoen. Ons het die goedkeuring van ons voldoeningsbeampte gekry en ons is gereed om ons leerlinge volgens beplanning terug te verwelkom.

As Skoolhoof begryp en respekteer ek die behoefte van gesinne om kinders terug skool toe te stuur, maar ek begryp en respekteer ook die besluit van gesinne wat hul kinders liewer tuis wil hou. Ek begryp en respekteer ook die feit dat ouers die **beste vir hul kinders wil hê, of dat hulle meer ondersteuning of 'n ander soort onderrig deur sosiale media en watter platform** ook al beskikbaar is, verlang. Ek begryp en respekteer ook die menings van personeel en alle belanghebbendes. Daar is niks geheimsinnig, onbekend of vernederend aan enige van bogenoemde nie.

Die kern van die saak is dat ons moet sin maak van dit wat tot ons beskikking is, en dit bestuur. Niks is in klip gegiet nie en daar word van my verwag om binne 24 uur te verander, wysigings aan te bring en weke van beplanning en voorbereiding te vervang. Dit is my nie beskore om negatief te wees, my verantwoordelikheid te ontduik of weg te hardloop nie. Dit was nooit in my posbeskrywing nie, maar dit is nou my werk.

Ek gaan nie op probleme fokus nie – ek soek liewer na oplossings. Ek het die Direkteur van Regsdienste, die CMC-hoof, ons Voldoeningsbeampte, ons prokureur, ons SBL en my senior personeel gisteraand geraadpleeg. Ongeag ons eie gevoelens en menings is die beste oplossing om die pad te loop soos ons beplan het.

**Indien die Departement van Onderwys ons toestemming om af te wyk herroep, of 'n instruksie uitreik dat die kinders nie** moet terugkeer nie, sal ons dit gehoorsaam. Indien u as ouer ongemaklik voel om u kind skool toe te stuur, hou hom/haar asseblief tuis. U kan aansoek doen om kwytskelding en ons kan voortgaan om u met afstandonderrig te ondersteun. Dit sal u in staat stel om u kind terug skool toe te stuur wanneer u daarmee gemaklik is. Indien u kind terugkom skool en u verander van plan, kan u aansoek doen om kwytskelding van skoolbywoning en ons sal u steeds met afstandonderrig ondersteun.

**Ons personeel lewer 'n diens, hulle stap die ekstra myl** – dit dra dalk nie almal se goedkeuring weg nie, maar ek kan u verseker dat ons u kind se beste belange op die hart dra. Ons doen ons bes vir u kind se toekoms en op die lang termyn sal dit u kind tot voordeel strek. Selfs as hierdie akademiese jaar anders as wat verwag word verloop, sal die werk wat gedoen **is 'n verskil maak en die kind tot voordeel strek. Ek verkies 25% sukses bo 0%, deur net te probeer, kan ons 50% bereik** en met die hulp van ons ouers selfs 100%. Dit kan weereens verander en is buite ons beheer.

Soos in gister se nuusbrief gemeld, is sluiting onafwendbaar aangesien ons nie COVID-19 kan beheer nie (lees asseblief die nuusbrief). Ons kan nooit 100% veilig wees nie en ons kan nooit die versekering gee dat geen kind, ouer of personeellid die virus sal opdoen nie. Ons kan u slegs die versekering gee dat ons alle vereistes nagekom het en selfs meer maatreëls in plek geplaas het.

Die besluit berus nou by u. Dit is in ons kinders se hande om, met ons leiding, veilig te bly en die onderwysers se taak is om te onderrig. Tot verdere kennisgewing sal Sunridge op Maandag 6 Julie heropen en JA dit mag verander, aangesien dit buite ons beheer is.

Geniet die naweek en bly asseblief veilig.

Sonskyngroete

M DE VRIES
Skoolhoof

RAISE TRUST

TAVCOR
SUZUKI




Follow us on FACEBOOK!
Like
Facebook

# ROUTE AROUND THE SCHOOL
# ENTRY & EXITS GATES

